WellingtonINFO 2014.06.18

Onderstaande inligting was van Wellington en Paarl inwoners ontvang. Hoop dat u dit van waarde sal vind. Die een epos wat ek graag sal wil uitlig, is die een wat van Alison ontvang was. If all people and neighbours can work together in this manner, criminals will vind it hard to operate in our communities especially if you involve the Police in your efforts.

1. **Theft (thieves are caught)**

"27.05.2014 - Bravo, and thank you to my fabulous neighbour and the police, who responded so quickly and professionally yesterday and apprehended a thief on my property, who had come out of my house with a bag of things that he had stolen. Thank you to my neighbour for alerting the police, and thank you to the police for responding so fast, catching the thief and returning my goods to me. This is how we should all work together – Thank you! Alison"

2. **Regte tov verdagte persone**

"Ek wil net vra. As 'n mens die rondlopers so sien loop in Berg en Dal, mag 'n mens vir hulle vra wat hulle hier soek? Kan die polisie nie die ouens net uit die area hou nie? As hy nie kan wys waar hy werk nie, hoort hy mos nie hier nie. Wat is jou regte om jou omgewing te beskerm?"
In alle gevalle waar jy twyfel, skakel liefs die Polisie om verdagte persone te hanteer.

3. **Hulp aangebied aan Verkeer.**

"Ek wil graag uitvind, wat kan ons doen om Wellington Verkeers Departement te help? Ek verstaan die situasie is al verskeie kere aangespreek, en steeds was daar geen verandering nie. Daar moet tog iets wees waarmee ons kan help om dit beter te maak? Of kan ons as besighede in Wellington Industriële park nie sake aangaande die verkeer in eie hande neem nie? Ek wil net hulp aanbied, ons almal wil graag veilig by die werk kom en veilig weer saans tuis en niemand van ons wil 'n kollega verloor nie. Wat staan ons te doen?"
Hierdie epos sal ook aangestuur word aan die verkeersdepartement.

4. **Verdagte persone in Blackprince Straat**

"Hallo almal, ek wil graag vir die polisie en sekuriteit firmas daarop attent maak, dat al hoe meer onbekende rondloper mense in Blackprince en Queen straat in Uitsig deurloop? (Lyk vir my hulle kom dalk deur die veld daar van Checkers se kant af deur?) Is daar nie n manier dat ons daardie "deurloop" op die einde van Blackprince straat kan toemaak nie? My en vele ander bure se kinders geniet die parkie in Blackprince straat ter dee, vir hoe lank egter nog ,weet ek egter nie? Elke onbekende mens wat ek daar in die straat stop, het al ewig vir my te vertel hulle is oppad na die plase daar in die perdeskoen? Die eens rustige, veilige atmosfeer wat my en van my bure se kinders geniet het, dink ek is vir eers verby, totdat iemand iets daadwerklik aan die rondloper mense, of hulle "deurloop" gaan doen? groete, **Trevor Roux"**

5. **Nog n dankie an die Plaaslike Polisie**

"My opregte gelukwensing aan die Polisie wat oor middagete op Maandag 26 Mei ongelooflik vinnig en effektief opgetree het om `n inbreker vas te trek in Burgstraat. Ek wil dit regtig onder die gemeenskap se aandag bring dat die manne ontsettend vinnig op die toneel was en regtig baie agting afgedwing het met die manier waarop hulle heen en weer oor mure is om die man vas te trek. Dit was baie professioneel. Baie geluk en baie dankie – ons is trots op julle! Chris"

6. **Verdagte Persoon in Gen Hertzog laan**

"Hier in Gen Hertzog op die hoek van Muscdelstraat, het ook 'n verdagte rondgelê, hy het n rooi baadjie aan wat lyk asof dit van een van die Brandstofmaatskappye is, het 'n uitdagende blik en draai hom om vir mens te kyk. Hy het dit met my ook gedoen, ek het hom ook so bly kyk en toe groet hy kamstig. Hy loop beslis vir nie hier rond omrede hy daarvan hou nie, hy het n doel. Wees op die uitkyk. Hy is ook baie swart van kleur"

7. **Huisbraak en diefstal**

"Ek het op 27 Mei 2014 (tussen 10:00 en 13:00) ook deel geword van die misdaad statistiek van Wellington, Noord Gemeente. Vermoedelik 3 mans (*soos per besem verkoper wat verby my huis gestap het*) het toegang tot my woning gekry deur bloekomlatte (*wat ek in my tuin gebruik as afskorting*) te gebruik om my slaapkamer venster met diefwering en al oop te breek. Die diewe het mooi hul ding gedoen en daarna sommer by die voordeur uitgeloop en die ysterhek weer gesluit, en die sleutel deur die tralies teruggegooi na die woonkamer. Dit is definitief ook nie 'n dom dief nie, sommer sokkies gebruik om oor sy hande te trek vir moontlike vingerafdrukke…!

Goedere wat gesteel is: Waardevolle Kameras (Professionele Canon Kamera en Kodak), 1 mans Fossil horlosie met bruin band en 1 dames Fossil horlosie wat soos 'n armband gedra kan word – ook baie waardevol ± R3000.00 kontant (note en baie silwer) Klere bv. K-Way, Hulle was besig met die televisie teen die kroegmuur, maar is tien teen een verwilder deur bure wat voor ons huis gestop het, Oakley sonbril, Chivas Regal Whisky

Ek wil asb vra dat as iemand êrens sien dat so iets ingehandig is/word laat weet asb vir Attie wat my weer via epos kan kontak!!!!

Dit is net weereens bewys dat jy niks in jou tuin kan los nie, enige tipe voorwerp word gebruik as moontlike hulpmiddel. Dit is ook duidelik dat die huis dopgehou is, want my skoonsuster was 10:00 nog by ons woning om te kom kyk na ons baba hondjie, ek het 13:15 daar opgedaag en die woning in 'n chaotiese toestand gevind, so hulle het hul kans afgewag!!!! Hulle het ook aan die kant van die huis ingebreek waar ons ander honde nie patrolleer nie, weer 'n teken dat die huis dopgehou was! Ek weet dit is in baie vorige misdaadverslae ook genoem, maar die plaaslike owerhede sal 'n plan moet maak met die klomp leeglêers wat oorkant Build-It staan en wag vir werk, die klomp loop konstant bedags verby ons huis en ek het al telkemale opgelet hoe hulle die wonings dophou! Dit is ook ontstellend hoe die area lyk – die mense mors, vloek, en doen al wat 'n ding is op die sypaadjies, en dit is nogal deel van ons Hoofstraat…!! Wellingtonner"

8. **Parkeer probleme in Wellington**

"Ek wil net noem dat ek vanoggend 'n terplaatse ondersoek gehad het met Rdl Rean Smuts t.o.v. bogenoemde probleem asook die vragmotors in die dorp wat goedere aflaai. Ons het ook gekyk na die moontlikhede om meer sinvolle parkering te skep, asook motorfiets en puggie parkering. wetstoepassing veral Vrydae en Saterdae deur verkeers beamptes was ook onder die bespreking. Volgens Rdl Smuts is daar al verskeie moontlikhede ondersoek om alternatiewe parkering te skep vir o.a.studente asook polisie voertuie. Ek weet ook dat sommige veranderings met tyd sal kom en waardeer die bereidwilligheid om dit te laat geskiet. Ek wil ook my dank uitspreek teenoor Burgemeester Gesie van Deventer vir die reel van die ondersoek vanoggend, Seen vir die dag. Milton"

Ons kan ook noem dat hierdie aangeleentheid ook op die Wellington Forum vergadering bespreek is en dat die moontlikheid ondersoek word om die parkeer beperking in Kerkstraat te verander van 30 na 60 min.

9. **Baie belangrike waarskuwing tov verdagte persoon wat homself voordoen as n Eskom werknemer**

"Verlede week het 'n man met Eskom baadjie en ID kaartjie hier aangekom. Hy het gese volgens Eskom se stelsel is my warmwater meter foutief en dit moet herprogrammeer word anders sal ek sonder warm water wees. Ek het gevra vir Identifikasie en hom gesê dat ek onseker was of hy werklik Eskom verteenwoordig. Hy het my oortuig met die kaartjie op sy bors. Die naam op die kaartjie was James Moima, hy het 'n nommer vir my gelees, wat 'n selno is, 082 838 788 9.
Ek het seker gemaak hy hoor ek roep my man en ek het die blaffende honde met moeite uit sy pad gehou sodat hy kon inkom. Hy het op 'n stoel geklim en gekyk na die meter. Hy het gesê dit flicker te veel, dis 'n teken dat dit foutief is. Ek het gevra hoe lank dit sal neem om reg te maak, want ek was op pad uit. Hy is toe weg en sou op kantoor check of dit van daar her- ingestel kan word en dan weer die volgende dag kom. Hy is weg en die volgende dag "toevallig" toe ek besig is om by my oprit in te trek toe loop hy verby my huis en wys met sy duim, dat als ok is, en weg is hy. Ek was heel gerus, totdat ek

met ‘n vriend wie werk by Eskom gesels het vandag. Volgens hom het die ou snert gepraat. Ek het toe die nommer geskakel en gesê ek wil opvolg waar die persoon by die betrokke nommer werk, toe vloek die ou my lelik uit.
Nou maak ek maar self my afleidings. Ek is skoon skaam dat ek die ou “vertrou” het bloot omdat hy Eskom baadjie en kaartjie getoon het, en mens hoor daagliks van soortgelyke gevalle wat nie goed afloop nie. Ek wonder nou wat sy plan was. Het hy my plek kom uitcheck of werk hy regtig vir Eskom. Wie kan mens kontak in sulke gevalle om te bevestig of die mense jou kom help of kom besteel?
Ek het besluit dit was die laaste keer wat ek mense met uniform vertrou bloot omdat die uniform bekend lyk. Hoop iemand kan lig werp of gehelp word deur die inligting. Groet en dankie vir jou moeite.”

10. Misdaadinligting vanaf Wellington SAPD

“STATION: WELLINGTON: CCCF FEEDBACK – HOTSPOTS Sector 3

Burglary At Business Premises

Versailles St	Monday	04:00 to 07:59
Voor St	Saturday	16:00 to 19:59
Malan Street		
Versailles Street		

Burglary At Residential Premises

Prins St	Thursday	16:00 to 19:59
Smith St	Monday	16:00 to 19:59
Donaldson St	Monday	08:00 to 11:59
Disa Street	Monday	20:00 to 23:59
Albert Street		
Barlinka Street		

Theft Out Of A Motor Vehicle (Also Goods From The Back Of Ldv)

Macrome St	Wednesday	16:00 to 19:59
Main Road	Wednesday	12:00 to 15:59
Minnie St	Thursday	16:00 to 19:59
Muscadel St	Tuesday	16:00 to 19:59”
Maid Road		
Doris Avenue		
Station Street		
Stephanie Street		

11. Saamry geleentheid tussen Wellington en Malmesbury

“Ek wil graag hoor van mense wat dalk daagliks tussen Wellington en Malmesbury ry vir werk? Ek bly in Wellington en ry daagliks in en uit op my eie. Dit sal baie help as ek van mense weet met wie ek die brandstof kan deel of dalk saamry klubs. Ek hoor graag van jou! Salo Poggenpoel salo@raiel.com”

12. Experienced domestic worker needed

“My brother inlaw has recently moved from Paarl to Wellington. He is a farm manager and is in desperate need of a well experienced domestic worker. She needs to be reliable, honest Afrikaans speaking preferably and available 3 days a week. Experienced is proper cleaning top to bottom which includes moving furniture and able to iron. He needs someone who can run his household as he is a single dad with 2 children. She needs to have had experience with young children and must have contactable references. Avail immediately. Thank you Kind Regards, Carmeletta Grobbelaar **c@mediac.co.za”**

13. Werk gesoek

“Ek hoop regtig julle kan help. Ek het hier ‘n dame wat dringend vaste werk soek. Verkieslik Paarl of Wellington omgewing. Haar naam is Marlene Theunissen. Sy is eerlik, pligsgetrou, hardwerkend en sal vir enige firma ‘n aanwins wees. Haar kontak besonderhede is soos volg: sel no: 0722378674. Ek het ook ‘n verkorte CV van haar. Haar e- pos: sterklekkers@gmail.com. Groete Pierre Vermeulen Pallets For Bread”

14. Verblyf gesoek

“Ek is op soek na permanente verblyf in WELLINGTON vir ‘n Vrystaatse boerseun in sy vroeë twintigs wat pas by PACMAR begin werk het. ‘n Bachelor of een slaapkamer -woonstel sal voldoende wees. ‘n Tuinwoonstel sal ook reg wees. Groete Marita wieps@vodamail.co.za”

www.WellingtonINFO.co.za